

Wet of genade? - Jaco Diederiks

WAAROM TYD SPANDEER AAN SO ONDERWERP?

WAT HET DIE ONDERWERP VAN WET OF GENADE MET DIE BEVRYDING VAN 'N VOLK TE MAKE?

ENIGE AKSIE/POGING OM ONS VOLK TE BEVRY VAN KOMMUNISME EN VERDRUKKING SAL NIE SLAAG TENSY ONS AS VOLK BY 'N GEESTELIKE HERSTEL GAAN BEGIN NIE.

Yahweh alleen--bou--gee oorwinning- bewerk genesing--herstel die vryheid van 'n individu of 'n volk!

- 1) Psa 127:1 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die YAHWEH die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.
- 2) Spr 21:1 Die koning se hart is in die hand van YAHWEH soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil.
- 3) Spr 21:31 Die perd word reggemaak vir die dag van die geveg, maar die oorwinning is deur YAHWEH

Yahweh se wil?

MATT. 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Yahweh se wil is geopenbaar in;

Sy skepping-- Sy liefde-- Sy koninkryk-- Sy genade-- Sy barmhartigheid-- Sy goedertierenheid-- Sy tug-- Sy oordeel-- SY gebooie.

Waar in stel Yahweh belang?

Slegs redding van ons siele?--Ook daaglikse behoeftes?

Voorbeelde

1) Gen 26:3 Vertoef as vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het.

Gen 26:4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word;

2)EXO 3:7 En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte.

EXO 3:10 Gaan dan nou heen, dat Ek jou na Farao kan stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.

3) Elia en die weduwee van Sarfat, opwekking van haar seun en vermeerdering van haar meel.

4) Genesing van koning Hiskia.

5) Beskerming van Daniël in die leeu kuil.

6) Sadrag Mesag en Abednego se redding uit die vuuroond.

7) Oorwinning by Bloedrivier.

Waar in stel u belang?

Net die redding van u siel--- of meer as dit?

Solank ons net tevrede gaan wees om 'n geredde siel te hê sal;

--ons visie/belangstelling vir meer as net 'n geredde siel afwesig wees!

--ons onbereidwillig wees om die *selfsugtige eie ek* vir ons volk se herstel, 'n saak groter as onself, op te offer afwesig wees.

--ons drome/begeerte om weer 'n vrye en godvresende volk te wees afwesig wees.

Wat moet, behoort ons visie te wees?

MATT. 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

VIR 'N KONINKRYK OM TE KAN BESTAAN VEREIS eerstens 'n KONING, tweedens 'N GRONDGEBIED, derdens WETTE SOOS DIE 10 GEBOOIE en vierdens ONDERDANE SOOS DIE VOLK ISRAEL.

Geregtigheid van 'n koninkryk is veel meer as net-- ONVERDIENDE GENADE en die VERGIFNIS VAN SONDES.

Geregtigheid is die gebooie van Yahweh;

Psa 119:172 My tong sal u woord besing, want al u gebooie is **geregtigheid**.

Wat moet ons visie nie wees nie?

a) Geregtigheid verkry deur onverdiende genade /vergifnis is nie 'n lisensie om vrylik te gaan sondig nie!

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Rom 6:2 **Nee, stellig nie!** Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

Rom 6:15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? **Nee, stellig nie!**

Gal 5:13 Want julle is tot vryheid geroep, broeders; **gebruik net nie julle vryheid** as 'n aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde.

Gal 5:14 Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Gal 3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet (**nie van die gehoorsaamheid aan die wet nie!**) deur vir ons 'n vloek te word— want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—

b) Geregtigheid verkry deur genade en vergifnis **-beteken nie** om in 'n gees van ongebondenheid teenoor Yahweh se wette te leef nie!

Judas 1:3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

Judas 1:4 Want sekere mense het ingesluit wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.

c) Geregtigheid verkry deur genade sal nie standhoudend kan bly sonder **berou en bekering** nie.

Johannes die dooper het onder inspirasie van die heilige gees sy bediening begin met;

Matt 3:2 gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Yashua onder inspirasie van die heilige gees het Sy bediening begin met;

Matt 4:17 Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Bekering tot wat?

Aanroep van Yashua se naam?
Belydenisgeskrifte van die kerk?
Die institusie van Calvin?
Beëindiging van APARTHEID?

Matt 9:13 Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.

Mar 1:4 Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.

Heb 6:1 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, (hoe kan en moet ons na die volmaaktheid voortgaan as die **fondament van bekering** wat uiters noodsaaklik vir enige geestelike herlewing of hervorming is, moedswillig en kwaadwillig verkeerd gelê was vandaar dit danksy valse teologie met allerlei belydenisgeskrifte en gebooe van mense vervang is?)

Ons het nodig om as bewys van ons geloof in Yashua en ons liefde vir Hom, onself weer tot gehoorsaamheid aan Yahweh se gebooie te bekeer

- 1) Wette kan sonder genade bestaan maar genade kan nie sonder een wet bestaan nie!
- 2) Enige pleidooi vir genade teenoor straf weens oortreding van die gebooie, verordeninge en insettinge van Yahweh is 'n bespotting **indien die einste gebooie wat oortreding definieer nie meer van krag is nie!**

Rom 7:7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? **Nee, stellig nie!** Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.

1Joh 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Valse teologie van goedkoop genade is lief om eensydig en sonder deeglike skrifkennis van die onderwerp net die volgende skrifgedeeltes van die wet as bewyse vir dogma voor te lê;

10 voorbeelde van tekste vir genade en teen die wet (Totaal van 29 in Nuwe Testament)

Joh 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

Rom 6:14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.

Gal 2:21 Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

Gal 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

Gal 3:25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

Rom 7:4 So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.

Rom 7:5 Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.

Rom 7:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.

Rom 10:4 Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.

Eph 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep

Eph 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.

Col 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,

Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.

Ware teologie wat nie net sekere gedeeltes nie, maar die hele Skrif as geïnspireerd beskou sal ook die inhoud van die volgende skrifgedeeltes aangaande die wet in ag neem;

10 voorbeelde van tekste vir die wet (Totaal van 37 in Nuwe Testament)

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Mat 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Luk 16:17 Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.

Rom 2:13 omdat nie die hoorders van die wet by God regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.

Rom 2:20 'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het

Rom 3:31 Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.

Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

1Co 7:19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie van God.

Gal 3:21a Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie!

1Ti 1:8 Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik

1Jo 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.

1Jo 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

In sovêre dit ons bestaan as mens en ons vergifnis van sondes vanuit ons verlede aangaan is ons **NIE ONDER DIE WET NIE MAAR ONDER DIE GENADE! HIEROOR IS DIE SKRIFTE BAIE DUIDELIK.**

Paulus leer dat met Yashua se koms daar met die wet weggedoen is;

Gal 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.

Gal 3:25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Die vraag is, watter wet was die tugmeester?

Die WOORD WET IN GAL. 3 is vanuit die Griekse woord "**NOMOS**" vertaal. (Strongs 3551).

Die woord NOMOS kan in die skrif na verskillende wette of aspekte van die wet verwys:

- 1) ENIGE WET
- 2) WETTE VAN YASHUA
- 3) DIE HELE OU TESTAMENT
- 4) DIE PENTATEUG OF EERSTE VYF BOEKE VAN MOSES.
- 5) DIE WETTE VAN DIE MOSES
- 6) DIE WETTE VAN YAHWEH
- 7) EEN ASPEK VAN DIE MOSAIESE WETTE
- 8) EEN ASPEK VAN GOD SE WETTE.

Aan die hand van die verskillende toepassings van die woord NOMOS word die tugmeester van GAL. 3 as volg geïdentifiseer:

Gal 3:17 Maar ek sê dit: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie.

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar.

Watter wet was 430 jr na die belofte aan Abraham bygevoeg?

--Was nie die Ou testament nie!

- Was nie die Pentateug nie!
- Was nie die gebooie, verordeninge en insettinge van Yahweh nie!

DIT WAS DIE WETTE VAN MOSES!

HET DIE WETTE VAN MOSES VOOR DIE TYD VAN MOSES BESTAAN? **NEE!**

Wat was met die wette van Moses bygevoeg?

- 1) DIE VERPLIGTE ONDERHOUDING VAN YAHWEH SE GEBOOIE, VERORDENIGE EN INSETTINGE VIR DOELEINDES VAN GERECHTIGHEID.
- 2) DIEREOFFERS VIR VERSOENING VAN SKULD.
- 3) DIE LEVIETIESE PRIESTERORDE
- 4) DIE FEESDAE. --**NIE BESTAAN VOOR DIE TYD VAN MOSES NIE!**
- 5) DIE SLAG VAN DIE PASGALAM.

Wat was nie bygevoeg nie?

Die verordenige , gebooie en insettinge van Yahweh wat reeds voor Moses bestaan het.

BEWYSE

- Kain se skuldgevoel weens die moord op Abel.
- Noag se onderskeiding van rein en onrein diere.
- Abraham se tiendes en gehoorsaamheid.

Gen 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring

Gen 14:19 en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

Gen 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.

Gen 26:5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het.

ALHOEWEL DIE GEBOOIE VAN YAHWEH VOOR MOSES BESTAAN HET WAS DIT NIE MET DIE WETTE VAN MOSES **BYGEOEG NIE** MAAR SAAM MET DIE WETTE VAN MOSES GEKODEFISEER.

Die enigste wette waarmee weggedoen was was die wette wat bygevoeg was en niks meer nie.

Yashua was nie die einde vir die gebooie, verordeninge of insettinge van Yahweh wat voor die verbond by Sinai reeds bestaan het nie.

Yashua was die vervulling van alles wat deur die wette van MOSES vereis was
NAAMLIK:

- Die Levietiese priesterorde en hulle bediening.
- Die **verpligte** onderhouding van die gebooie vir geregtigheid.
- Die bloedoffers soos die **besnydenis** en die offer van diere.

Gal 5:2 Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie.

Alhoewel die besnydenis voor Moses se tyd alreeds aan Abraham en die vaders gegee was is dit in Moses se tyd as deel van Moses se wette gereken en op die wyse aan die volk gegee;

Joh 7:22 Daarom het Moses julle die besnydenis gegee—nie dat dit van Moses is nie, maar van die vaders—en op die sabbat besny julle ‘n mens.

Joh 7:23 As ‘n mens die besnydenis op die sabbat ontvang, sodat die wet van Moses nie verbreek mag word nie, is julle kwaad vir My, omdat Ek ‘n mens op die sabbat heeltemal gesond gemaak het?

Gal 5:3 En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy **onder verpligting is** om die hele wet te onderhou.

Gal 5:4 Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, (nie die 10 gebooie nie maar die wet van Moses waarvan die besnydenis deel was.) is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval.

--Die vervanging van die feesdae en die pasgalam.

WANNEER ONS DIE NAGMAAL VIER GEDENK ONS YASHUA AS DIE PASGALAM WAT VIR ONS VRYHEID UIT SLAWERNY IN SONDE GESTERF HET.

1Co 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

DIE NUWE VERBOND HET BEHALWE GENADE EN GELOOF IN YASHUA NOG STEEDS ALLES MET DIE ONDERHOUDING VAN YAHWEH SE GEBOOIE TE MAKE.

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond sal sluit;

Jer 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Eze 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.

Eze 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee

Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,

Heb 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.

Heb 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

1Joh. 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.

1Joh. 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

1Joh. 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.

1Joh. 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

Moenie toelaat dat enige valse profeet u mislei deur te sê dat Sy gebooie te swaar is om te dra nie want die Woord sê, dit is nie!

Die 10 gebooie en die gee van tiendes is wette wat reeds voor die tyd van Moses bestaan het en nog steeds vandag geldig is.

Enige predikant, pastoor of teoloog wat wil verkondig dat die 10 gebooie nie meer van krag is nie sal ook moet verkondig dat die tiendes waarvoor hulle so lief is ook nie meer van krag is nie.

Om die een (tiendes) te wil behou en die ander een (10 gebooie) weg te gooi getuig van 'n geldgierige motief ten koste van eerlikheid en waarheid en ontbloot sulke boodskappers as valse profete.